# "WIE MOES DIE DIAMANTVELDE GEKRY HET?" 'n GESIMULEERDE VOORSTELLING VAN DIE DISPUUT RONDOM DIE KEATE-UITSPRAAK EN DIE DIAMANTVELDKWESSIE

HOERSKOOL GOUDINI
F.M. TALLIE

## 1. SIMULASIE AS ONDERWYSMETODE

Wanneer die hele spektrum van onderwysmetodes in oënskou geneem word, dan blyk daar 'n ryke verskeidenheid van moontlikhede te wees om 'n seleksie van te maak om tydens die onderrigleersituasie te benut. Daar is verskeie voorbeelde van klassifikasiesisteme van onderwysmetodes, maar vir die doel van hierdie skrywe, is die model van Cawood et al. (1980:33) as uitgangspunt geneem. Hiervolgens is die hoofkategorieë van onderwysmetodes dié van Voordrag, Gesprek, Groepwerk, Selfdoen en Ervaringgerigte metodes. Simulasie as onderwysmetode word as 'n ervaringgerigte metode beskou.

Simulasie wil teoretiese begrippe in verband bring met praktiese probleme en wil meer realisme binne die onderrigleersituasie skep. Leerling word met 'n probleem of 'n aantal probleme gekonfronteer waarop hy moet reageer en waarin sy reaksies, as terugvoering, die basis van verdere ontleding en besinning is. (Kyk Cawood et al. 1980:51-52).

Elke Geskiedenisonderwyser behoort voordurend te evalueer of die betrokke metodes wat hy gebruik die beste metode vir daardie betrokke onderrigleersituasie is. Sekere metodes sal waarskynlik meer relevant ten opsigte van sekere vakinhoude wees. Dit vereis dikwels 'n gesindheid om te wil eksperimenteer en te vernuwe.

Simulasie as onderwysmetode kan in hierdie verband gebruik word om die vakinhoude rondom die Diamantveldkwessie by leerlinge tuis te bring deur hulle aktief by die onderrigleergebeure te betrek.

Geoffrey Milburn sê die idee van simulasie is om 'n model van een of ander aspek of gebeurtenis in die geskiedenis te konstrueer. Binne so 'n model behels simulasie die maak van keuses en die neem van besluite. Wanneer 'n Geskiedenisklas nou so 'n model konstrueer, kry die leerlinge die geleentheid en word hulle in 'n posisie geplaas waar hulle self besluite moet neem. Milburn is van mening dat daar baie realisme in so 'n model ingebou kan word sonder om die deelnemers met komplekse detail te verwar. Net soos in die werklike lewe is die besluitnemingsproses in die simulasiemodel baie dinamies en berus dit op interaksie tussen die onderskeie deelnemers.

'n Mens kan jou die vraag afvra of simulasie enige waarde het as onderrigmetode en of dit enigsins die moeite werd is. Ook hierop antwoord Milburn (1972:168) deur daarop te wys dat simulasie die leerlinge se belangstelling in die materiaal bevorder. Behalwe dat leerlinge simulasie geniet en dit ook uitdagend kan vind, word die leerling aktief betrokke deurdat hulle hulself met die bepaalde situasie en probleme kan identifiseer. Verder is simulasie 'n aktiewe proses van besluitneming en ontwikkel dit die kind se redenasievermoë. Hoewel die doel nie uitsluitlik is om feitekennis oor te dra nie, word daar tog kennis in die proses versamel (Milburn, 1972:168-170). Dit is so dat die Geskiedenissillabusse voldoende geleentheid bied vir simulasie. Trouens, omdat dit in Geskiedenis gaan om mense en gebeure, is dit moontlik om oor feitlik enige aspek 'n simulasiemodel te konstrueer.

## 2. 'N SIMULASIE VAN DIE DIAMANTVELDKWESSIE

Die ontdekking en kommersiële ontginning van diamante in die vorige eeu het verreikende gevolge vir Suid-Afrika ingehou. Behalwe vir die ontwikkeling van mynbou en verwante sekondêre en tersiêre ekonomiese bedrywighede het die onderskeie regerings, stamhoofde en politici die waarde van hierdie grootse ontdekking besef. Dit is dus verstaanbaar dat hierdie Diamantvelde vir meer as een party van die uiterste belang geword het.

Die hele kwessie van die besitreg van die Diamantvelde het op 'n hewige dispuut uitgeloop wat uiteindelik aan arbitrasie onderwerp is. Hierdie stryery oor die diamantvelde bied nou aan die geskiedenis-onderwyser 'n interessante geleentheid waar hy sy klas kan toelaat om hierdie spesifieke faset van ons land se geskiedenis te "herskryf". Dit kan gedoen word deur 'n model van die Keate-uitspraak te konstrueer waarin die onderskeie groepe opnuut aanspraak of die diamantvelde kan maak. Die leerling word aktief hiertydens betrek aangesien hulle self die gebeure gaan rekonstrueer.

### 2.1 Riglyne ten opsigte van beplanning

Die onderwyser se eerste funksie is om die verskillende strydende partye in hierdie geskil, die arbitergroep asook enige ander belanghebbende party, te identifiseer. Elke leerling moet dan by een of ander groep ingedeel word. Die indeling moet verkieslik so wees dat die goeie sprekers in die klas in opponerende groepe ingedeel word. Die onderwyser moet sorg dat die groepe klein en hanteerbaar is. By groter klasgroepe kan verwante rolverdelings bywerk word, maar nog steeds op so 'n manier dat elke leerling soveel as moontlik kans kry om navorsing oor hierdie saak te doen. Hoewel Brittanje belang gehad het by die uiteindelike beheer van die Diamantvelde, kan ons nie die feite so verdraai en foutiewelik oorspeel deur aan Brittanje 'n plek in hierdie hofgeding te gee nie.

'n Verdere aspek wat met vrug bygewerk kan word, is 'n besoek aan die plaaslike hof of die dorp. Behalwe dat dit bydra om die erns van die saak te beklemtoon raak die leerlinge ook vertroud met hofprosedure sodat die uiteindelike hofsaak in die simulasiemodel ordelik geskied.

Noudat elke leerling êrens betrokke is, kan daar in alle erns met navorsing begin word. Die Geskiedenishandboek word hou geïgnoreer en alle beskikbare bronne in die biblioteek of elders word benut. Dit is ook belangrik dat elke groep hul navorsing en voorbereiding apart van die ander groepe sal doen. Daardeur word die effektiwiteit en deelname aan die hofsaak baie verhoog.

Die groep wat werklik intens belangstel in die besitreg van die diamantvelde sal nie net hulle eie saak deeglik navors nie, maar sal hulself waarskynlik ook vergewis van alle moontlike plus- en minuspunte van hulle opponente. Dit sal voorkom dat die leerlinge tydens die hofsaak onkant betrap word.

Dit het ook groot trefkrag indien die leerlinge hul inligting en aansprake kan staaf deur te verwys na spesifieke bladsye in die bronne wat hulle geraadpleeg het. Omdat hierdie stryery oor grondbesit gaan, is daar nie net 'n deeglike kennis van feite nodig nie, maar moet elke leerling die binneland van Suid-Afrika goed ken sodat hy op 'n spesifieke, afgebakende stuk grond kan aanspraak maak. Vir die uiteindelike hofsaak moet alle aansprake of 'n kaart gedoen word. Iemand uit die klas moet dus vir die tegniese bykomstighede soos 'n oorhoofse projektor, skerm en afdrukke van kaarte sorg.

Tydens die navorsingsessie verleen die onderwyser slegs hulp waar nodig, maar die inisiatief is grootliks in die hande van die leerlinge self. Alle beskikbare bronne moet geraadpleeg word om uiteindelik goedgemotiveerde pleidooie te lewer.

Elkeen in die groep moet hierin 'n bydrae maak. Die leerkrag kan van tyd tot tyd klem lê op die geweldige finansiële voordele van die Diamantvelde. So kan hy belangstelling en 'n kompetisiegees wek om dan die hofsaak baie vurig en opwindend te maak.

Die arbitergroep doen ook die nodige navorsing sodat hulle 'n goeie geheelbeeld van die hele dispuut het. Die kennis wat hulle opdoen, mag hulle geensins beïnvloed nie, hulle mag nie bevooroordeeld wees t.o.v. enige groep nie, maar hulle moet deurgaans onpartydig wees en hulle slegs laat beïnvloed deur die optrede van die groepe tydens die hofsaak.

## 2.2 Die hofsaak en uitspraak

Die skoolbiblioteek bied 'n gerieflike plek vir die hou van so 'n hofsaak. Weer eens is iemand uit die klas verantwoordelik om die biblioteek so in te rig om 'n hofsitting te kan akkommodeer. Die skerm en oorhoofse projektor moet so opgestel word dat die groepe dit ten aanskoue van almal kan benut.

Nou kan die groepe begin om hul sake te stel en hul aansprake op sekere grondgebiede te maak. Wanneer enige van die opponerende groepe op 'n punt van orde iets wil bydra, moet hy by die geldige hofprosedures hou. Met verloop van tyd kan 'n hewige debat ontwikkel. Nou moet die arbiter die orde so handhaaf dat almal billike geleentheid kry om hul saak te stel. Die arbitergroep moet voortduren inligting aanteken wat kan help wanneer hulle later 'n uitspraak moet gee. Die arbitergroep moet hulle slegs laat lei deur die redevoering van die verskillende partye. Afhangende van die gehalte van redevoering sal u verstaan waarom ek reeds vroeër genoem het dat die leerlinge die geskiedenis kan "herskryf".

## 2.3 Enkele waarskuwings

Enige simulasiemodel verlang deeglike beplanning aan die kant van die onderwyser. As die simulasie verflou word tot net nog 'n oefening waarin die uiteinde voorafbepaal is, sal die leerling belangstelling verloor. Ook kan die simulasie sy waarde verloor om analitiese denke te skep en te ontwikkel. 'n Swakbeplande simulasiemodel verlang geen denke nie en ontneem so die kind die geleentheid om sy denkprosesse te ontwikkel. Die leerling het wel leiding nodig, maar hy moet tog genoeg vryheid gelaat word om self die probleem te deurdink en kreatief sy eie ontdekkings te maak. (Milburn, 1972:170)

## 2.4 Die waarde van so 'n hofsaak

Dit is 'n geleentheid waar die handboek geen rol speel of invloed het nie. Hier kom die leerling se eie inisiatief tot sy reg deurdat hyself sy saak stel en verdedig. Simulasie bied altyd 'n geleentheid vir belewing. Elke leerling is per slot van sake een of ander persoon in die geskiedenis wat met sy bydrae die verloop van die geskiedenis bepaal.

Hierdie hofsaak bied by uitnemendheid 'n geleentheid tot navorsing. Veral omdat daar iets op die spel is, is die leerlinge dikwels meer as bereid om deeglik navorsing te doen. Hoe meer navorsing gedoen word, hoe meer skietgoed het die groepe om hul aansprake waarom hulle die diamantvelde moet kry, te staaf. Daar is kontinuïteit en aaneenskakeling met vorige temas in die sillabus. Lank reeds voor die Diamante 'n probleem geword het, het die Kaapse goewerneur Maitland Waterboer se grond verdeel in vervreembare en onvervreembare grond. Tydens die hofsaak raak hierdie verdeling die Griekwagrond opnuut belangrik. Dieselfde geld ook vir onduidelike en vae grensafbakening tydens die Sandrivier- en Bloemfontein-konvensies.

Sekerlik nie minder belangrik as bogenoemde nie is die feit dat sulke geleenthede in die onderrig van Geskiedenis seer sekerlik 'n advertensie vir ons vak in die skool is. Ek het al gevind dat ander leerlinge wat die hofsaak bywoon met reg jaloers is as hulle sien wat Geskiedenis eintlik kan wees.

Vanjaar het ons hierdie simulasie 'n verdere dimensie gegee deur dit op videoband vas te lê. Dit kan as verwysingsraamwerk dien vir die latere terugvoeringsessie of dit kan altyd weer in 'n ander klas gebruik word.

## 3. SLOT

Omdat ons te make het met 'n twintigste-eeuse kind in 'n twintigste-eeuse wêreld, kan ons gerus ons onderrig hierby aanpas. Met ondernemingsgees kan ons die kind laat ervaar, laat beleef, aktief laat deelneem. Ons moet die kind die geleentheid gee vir produktiewe, skeppende denke, geleentheid om te eksploneer, te verken en self te ontdek en funksioneel te gebruik. (Kapp, Februarie 1977:320-322). Dit is tog bemoedigend dat enige poging tot vernuwing in die onderrig van Geskiedenis 'n openbaring van 'n regte gesindheid is. En as ons gesindheid reg is, sal ons metodes vind om Geskiedenis interessant aan te bied.

BRONNELYS

1. CAWOOD, J. *et al*: *Doeltreffende Onderwys.* Nasou, Goodwood, 1980
2. KAPP, C.A: Enkele los gedagtes rondom 'n deurlopende evaluering by die onderrig van Geskiedenis. *Die Unie*, Februarie 1983.
3. Milburn, G: *Teaching History in Canada. McGraw-Hill Reyerson, Toronto, 1972*